

IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA  
GAUTENG LOCAL DIVISION, JOHANNESBURG

G3

In the matter of:

Case number:2361/ 71

REOPENED INQUEST: LATE AHMED TIMOL

INDEX TO NAIK CHHANGANLAL KANTILAL DIRECTORATE OF SECURITY  
LEGISLATION FILE

Item No	Description	Date	Page Number
1.	Cover page of the Directorate of Security Legislation file	X	1
2.	Letter to the Secretary of Justice, Pretoria regarding detention in terms of Section 6(1) of the Terrorism Act 1967	6 March 1972	2
3.	Letter to the Secretary of Justice, Pretoria regarding Case summary of John Vorsterplein Rom. 1408/11/71	26 January 1972	3 - 15
4.	Direction to release under Section 6(1) of the Terrorism Act 1967	7 March 1971	16
5.	Letter to the Secretary of Justice, Pretoria regarding a report of person in terms of Section 6(1) of the Terrorism Act 1967	8 March 1972	17
6.	Letter to the Secretary of Justice, Pretoria regarding a report of person in terms of Section 6(1) of the Terrorism Act 1967	1 March 1972	18
7.	Letter to the Secretary of Justice, Pretoria regarding a report of person in terms of Section 6(1) of the Terrorism Act 1967	23 February 1972	19

8.	Letter to the Secretary of Justice, Pretoria regarding a report of person in terms of Section 6(1) of the Terrorism Act 1967	16 February 1972	20
9.	Letter to the Secretary of Justice, Pretoria regarding a report of person in terms of Section 6(1) of the Terrorism Act 1967	9 February 1972	21
10.	Letter to the Secretary of Justice, Pretoria regarding a report of person in terms of Section 6(1) of the Terrorism Act 1967	2 February 1972	22
11.	Letter to the Secretary of Justice, Pretoria regarding a report of person in terms of Section 6(1) of the Terrorism Act 1967	19 January 1972	23
12.	Letter to the Secretary of Justice, Pretoria regarding a report of person in terms of Section 6(1) of the Terrorism Act 1967	25 January 1972	24
13.	Letter to the Secretary of Justice, Pretoria regarding the detention in terms of Section 6(1) of the Terrorism Act 1967	30 May 1972	25 - 29
14.	Letter to the Secretary of Justice, Pretoria regarding a report of person in terms of Section 6(1) of the Terrorism Act 1967	11 January 1972	30 - 31
15.	Letter to the Secretary of Justice, Pretoria regarding a report of person in terms of Section 6(1) of the Terrorism Act 1967	4 January 1972	32 - 33
16.	Letter to the Secretary of Justice, Pretoria regarding a report of person in terms of Section 6(1) of the Terrorism Act 1967	29 December 1971	34 - 35
17.	Letter to the Secretary of Justice, Pretoria regarding a report of person in terms of Section 6(1) of the Terrorism Act 1967	15 December 1971	36
18.	Letter to the Secretary of Justice, Pretoria regarding a detention in terms of Section 6(1) of the Terrorism Act 1967 of Kantilala Chhanganlal Naik	10 December 1971	37

19.	Letter to the Secretary of Justice, Pretoria regarding a report of person in terms of Section 6(1) of the Terrorism Act 1967	8 December 1971	38
20.	Letter to the Secretary of Justice, Pretoria regarding a report of person in terms of Section 6(1) of the Terrorism Act 1967	1 December 1971	39
21.	Letter to the Commissioner of South Africa Police in terms of Section 6(1) of the Terrorism Act 1967	29 November 1971	40
22.	Letter to the Secretary of Justice, Pretoria regarding a report of person in terms of Section 6(1) of the Terrorism Act 1967	24 November 1971	41
23.	Letter to the Secretary of Justice, Pretoria regarding a detention of person in terms of Section 6(1) of the Terrorism Act 1967	1 November 1971	42 - 44
24.	Letter to the Secretary of Justice, Pretoria regarding a report of person in terms of Section 6(1) of the Terrorism Act 1967	17 November 1971	45
25.	Letter to the Secretary of Justice, Pretoria regarding a report of person in terms of Section 6(1) of the Terrorism Act 1967	10 November 1971	46
26.	Letter to the Secretary of Justice, Pretoria regarding a report of person in terms of Section 6(1) of the Terrorism Act 1967	4 November 1971	47
27.	Letter to the Secretary of Justice, Pretoria regarding a detention of person in terms of Section 6(1) of the Terrorism Act 1967  and to The Court Magistrate of Johannesburg, Durban, Krugersdorp and Roodepoort.	29 October 1971	48 - 49
28.	Letter to the Commissioner of Police, Pretoria regarding a report of person in terms of Section 6(1) of the Terrorism Act 1967	28 October 1971	50 - 52

29.	Place and conditions of detention under Section 6(1) of the Terrorism Act 1967		53-54
-----	--------------------------------------------------------------------------------	--	-------

DIREKTORAAT VAN VEILIGHEIDSWETGEWING  
DIRECTORATE OF SECURITY LEGISLATION

LÉER NR. 2/3/2/3038  
FILE NO. 2/3/2/3038

HOOFTWERK  
MAIN SUBJECT *Britse landse Veiligheids*

*controleering* *afdeling*

ONDERWERP  
SUBJECT *Makkelijk anti-afscherming*

LÉER  
FILE

LÉER GEOPEN

G.P.-S.

SAP 51 (b)

SUID-ĀFRIKAANSE POLISIE  SOUTH AFRICAN POLICE

Privaatsak: Private Bag X 94	Telegramadres: Telegraphic Address: KOMPOL	DEPARTEMENT VAN JUSTISIE PRETORIA ONTVANG RECEIVED 7- 3 1972 DEURGESTUUR OP SENT THROUGH ON	HOOFKANTOOR, HEAD OFFICE, PRETORIA.
Verwysing: Reference: 33/1/21/40	Navrae: Enquiries: Brig. Prinsloo	DEPARTEMENT OF JUSTICE 6 Maart 1972.	
Telefoon: Telephone: 29561 x 210			

Die Sekretaris van Justisie,  
Privaatsak X81,  
PRETORIA.

AANHOUDING INGEVOLGE ART. 6(1) VAN DIE  
WET OP TERRORISME 1967 : K.C. NAIK.  
2/1/3038 GEDATEER 29 NOVEMBER 1971.

In opvolging van my eendersgenom-  
merde skrywe gedateer 26 Januarie 1972, moet  
ek u verwittig dat die Prokureur-generaal  
geweier het om te vervolg in die saak.


*G. L. Prinsloo*  
n/KOMMISSARIS : SUID-AFRIKAANSE POLISIE.  
G. L. PRINSLOO

/MT

G.P.-S.

SAP 51 (b)

DEPARTEMENT VAN POLISIE  
 SUID-AFRIKAANSE POLISIE SOUTH AFRICAN POLICE



X94  
 Privaat sak: XXXX  
 Private Bag: XXXX

URGESTUUR OP/SENT THROUGH ON  
 Telegram adres: KOMPOL  
 Telegraphic Address: KOMPOL

HOOFKANTOOR,  
 HEAD OFFICE,  
 PRETORIA.

Verwysing:  
 Reference: 33/1/21/40  
 Navrae:  
 Enquiries: brigadier Prinsloo  
 Telefoon:  
 Telephone: 29561 x 210

26 Januarie 1972.

Die Sekretaris van Justisie,  
 Privaatsak 81,  
 PRETORIA.

AANHOUDING INGEVOLGE ART. 6(1) VAN DIE  
 WET OP TERRORISME 1967 : K.C. NAIK.  
 2/1/3038 GEDATEER 29 NOVEMBER 1971.

'n Opsomming van die saak van  
 beweerde aanranding word hierby  
 aangestuur.

*G. L. Prinsloo*  
 n/KOMMISSARIS : SUID-AFRIKAANSE POLISIE.  
 G. L. PRINSLOO

JD.  
*Brig. Prinsloo deel mee dat die  
 domes van die Prokureur-generaal  
 voorgeleë is vir in berisping. Hy  
 wil ons mettyd van die P.G. Reg  
 besluit in kennis stel.*

X94  
xxx

33/1/21/40

brigadier Prinsloo      26 Januarie 1972.  
29561 x 210

Die Sekretaris van Justisie,  
Privaatsak 81,  
PRETORIA.

AANHOUDING INGEVOLGE ART. 6(1) VAN DIE  
WET OP TERRORISME 1967 : K.C. NAIK.  
2/1/3038 GEDATEER 29 NOVEMBER 1971.

'n Opsomming van die saak van  
beweerde aanranding word hierby  
aangestuur.

G. L. PRINSLOO  
n/KOMMISSARIS : SUID-AFRIKAANSE POLISIE.

JD.

KORT OPSOMMING VAN SAAK : JOHN VORSTERPLEIN ROM.1408/11/71.A. .... KLAGTE:

Aanranding: Indiërman, 33 jaar. Tussen twee tafels oor 'n stok opgehang en met gebalde vuis en plathand geslaan.

B. .... BESKULDIGDES:

- 1) Nr.36674R A/O. H.G.W. CLOETE, Veiligheidstak, S.A. Polisie, Johannesburg.
- 2) Nr.22632N SERS. F.J.FERREIRA, Veiligheidstak, S.A. Polisie, Johannesburg.
- 3) Nr.20804F SERS. M.C. PELSER, Veiligheidstak, S.A. Polisie, Johannesburg.
- 4) Nr.48179F SERS. D.L. CARTER, Veiligheidstak, S.A. Polisie, Meadowlands, Johannesburg.

C. .... JOHN VORSTERPLEIN R.O.M.1408/11/71.

D. .... AAN DIENS.

A.4, A.15, A.23, A.33:

Indiërman KANTILAL CHHAGANLAL NAIK sal verklaar dat :-

Hy aangehou word kragtens die Wet op Terrorisme te John Vorsterplein, Johannesburg.

Drie Blanke mans hom om 10 vm. op 24.10.71 oorgeneem het vir verdere ondervraging tot om 1 nm. Een van hulle by die tafel geskryf het terwyl die ander twee hom ondervra het en hom terselfdertyd oor 'n stok wat oor sy elmboë en tussen sy knie deurgesteek was, tussen twee tafels opgehang het. Hy drie keer op genoemde wyse gehang en heen en weer geswaai was vir periodes van ongeveer drie tot vyf minute as gevolg waarvan sy linkerhand effe verlam geraak het en sy regterhand erg verlam. Hy ook gekneusde gewrigte opgedoen het en die vel van sy voorarms af gekom het as gevolg van die hangery. Die fris geboude Witman hom ongeveer vyf houe met die gebalde vuis hard op sy bors geslaan het en ongeveer vyftien houe met die plathand op sy rug. Dit baie seer was en hy gevoel het dat sy rug opgeswel was. Hy deur die betrokke Witmans blykbaar verkeerdelik aangesien was vir ene KANTILAL VALAB en hy derhalwe onskuldig

aangerand ...../2

aangerand is.

Hy by drie geleenthede deur Landrosse in die sel besoek was, maar geen klagtes van aanranding aan hulle gemaak het i.v.m. die betrokke lede nie. Hy op 23 November 1971 tydens die vierde besoek van n Landdros, die klagte aan Landdros BRINK gerapporteer het, wie hom by n vorige geleentheid gevra het of hy klagtes van aanranding het, toe hy geen klagte ingedien het nie. Hy nie voorheen die klagte aan enige persoon gerapporteer het nie. Hy tot die besluit oorgegaan het daar hy gevrees het hy so beseer was dat hy die gebruik van sy hande tot n mate kan verloor.

Die behandeling van Fisioterapie vanaf 27.10.1971 sy beserings amper genees het. Hy nie weer na 24.10.71 aangerand was nie en goeie behandeling daarna van die Veiligheidspolisie ontvang het. Hy nie die name van die betrokke persone ken nie, maar instaat is om hulle op n uitkenparade uit te wys.

A.15 Sy beserings goeie vordering maak. Hy sy aanranders vergewe het en die klagte verdere oorweging skenk, daar hy altyd getwyfel het of hy n klagte moes indien.

A.23 Hy nie wil voortgaan met die klagte van aanranding nie. Hy tevrede is met die behandeling wat hy ontvang en nog verder sal ontvang.

A.33 Hy deur Kolonel VAN RENSBURG op 5.1.1972 versoek was om n uitkenparade op 7.1.72 te John Vorsterplein by te woon om sy aanranders uit te wys. Hy nie die uitkenparade wil bywoon nie en ook nie verlang dat n uitkenparade gehou word nie in die lig van sy brief waarin hy die klagte van aanranding teruggetrek het nie.

A.11 AREND WESSELS BRINK sal verklaar dat:

Hy n eerste Landdros te Johannesburg is. Hy aangehoudene op 9.11.1971 in die selle te John Vorsterplein besoek het. Aangehoudene geen klagte van aanranding aan hom rapporteer het nie ondanks hy aan hom gevra het of hy enige klagtes of versoeke het. Hy die aangehoudene weer op 23.11.1971 besoek het toe hy aan hom rapporteer het dat hy op 24.10.1971 deur die persone wat hom ondervra het, aangerand was deur hom tussen twee tafels deur middel van n stok deur sy elmoë en tussen sy knieë op te hand, as gevolg waarvan sy spiere verswak het. Hy die klagte aan die Hoof-Landdros rapporteer het.

A.12. AUGUST WILHELM CHRISTOPH GARBUS sal verklaar dat:

Hy n Eerste Landdros is. Hy aangehoudene op 16.11.71 in die selle besoek het. Hy geen klagtes of versoeke gehad het nie.

A.21 MICHEAL JOHANNES MEIRING sal verklaar dat:

Hy n Senior-Landdros is. Hy aangehoudene op 3.11.71

in die...../3.

in die selle te John Vorsterplein besoek het. Hy geen klagte van aanranding aan hom gerapporteer het nie. Hy alleenlik versoek het dat hy groente maaltye gegee moet word, daar hy n nie-vleisetende persoon is. Hy het ook geen tandeborsel het nie en die Veiligheidspolisie beloof het om hom te skeer aangesien hy nie sy regterhand kan gebruik nie.

A.5. VERNON DENIS KEMP, Distriksgeneesheer, sal verklaar:

Dat hy die aangehoudene op 27.10.1971 by die Veiligheidspolisie, Johannesburg ondersoek het. Aangehoudene n rapport aan hom gemaak het as gevolg waarvan hy aangehoudene ondersoek het. Hy gevind het dat aangehoudene se linkerhand effens verlam is en die regterhand byna heeltemal verlam vanaf die gewrig is. Hy LT.-KOL. GREYLING versoek het om aangehoudene te laat behandel deur n Fisioterapeut. Hy geen beserings aan aangehoudene se arms gesien het nie. Hy nie n vorm J.88 voltooi het nie. (Toe getuie deur Kolonel VAN RENSBURG gevra was wat die aard van aangehoudene se rapport was, hy hom meegedeel het dat hy nie meer die aard daarvan kan onthou nie).

A.2. LOUIS JONAS KOEN, Fisioterapeut sal verklaar:

Dat hy aangehoudene op 27.10.71 ondersoek en gevind het dat hy aan verlamming van die ekstensorspiere van die regter-voorarm ly. Dat die spiere aan die fleksorkant van die linker-voorarm ook gedeeltelik verlam is. Daar geen kneusings of swelsels was nie. Hy aangehouden gevra het of hy aangerand was. Aangehoudene aan geen spesifieke oorsaak kon dink waarom hy die verlamming opgedoen het en nie aan hom gerapporteer het dat die Veiligheidspolisie hom aangerand het nie. Aangehoudene en hyself somtyds tot ongeveer tien minute alleen was, en hy die geleentheid gehad het om dit aan hom te rapporteer indien hy die aanranding wou rapporteer. Aangehoudene se toestand algaande verbeter het as gevolg van sy behandeling. Die redes vir die verlamming syns insiens moontlik te wyte is aan n langdurige direkte drukking op die senuwees, d.w.s. langer as agt minute, byvoorbeeld as aangehoudene styf aan die bo-arm vasgehou was. Die klere dan n sterk beknellende effek op die senuwees en Hoedvate kon uitgeoefen het. n Tweede moontlikheid kon wees as gevolg van, deur n ongemaklike posisie te sit of lê, algemeen bekend as "Saturday night Paralysis". Aangehoudene se toestand nie te wyte is as gevolg van die feit dat hy moontlik aan sy gewrigte - polsgewrigte gehang het nie, omrede die gewrigte sou geswel gewees het en tekens van kneusings getoon het. Selfs pyn sou teenwoordig gewees het. Indien die aangehoudene aan sy elmboë oor n stok of soortgelyke voorwerp gehang het, die weefsels om en by die elmooggewrigte swelsels of kneusings sou getoon het. Dit onwaarskynlik is aangesien aangehoudene geen pyn het nie en die weefsels nie gekneus of geswel was nie. Hy van mening is dat aangehoudene heelwat aangesit het, daar hy sy hande gebruik het wanneer hy hom onopsigtelik dopgehou het. Hy sedert 1962 as Fisioterapeut praktiseer en geleer het om

persone ...../4.

persone te oordeel volgens hulle reaksies. Hy n rekord<sup>8</sup> gehou het ten opsigte van die aangehoudene se behandeling.

A.6 KAPTEIN CHRISTIAAN DE JAGER ZAAYMAN, Veiligheidspolisie, sal verklaar:-

Hy op 23.10.71 om ongeveer 12 middag die aangehoudene te Roodepoort gearresteer het in teenwoordigheid van A/O. STRYDOM. Hy aangehoudene om ongeveer 3 nm. aan A/O. SCHOEMAN te John Vorsterplein oorhandig het. Hy aangehoudene weer om 10 vm. op 24.10.71 gesien het en van hom verneem het hoe dit gaan. Hy hom meegedeel het dat dit goed gaan. Hy niks verkeerd aan aangehoudene opgemerk het nie en laasgenoemde ook geen klagtes aan hom gemaak het nie.

A.10 SPEURDER ADJUDANT OFFISIER ANTON SCHOEMAN, Veiligheidspolisie, sal verklaar:-

Dat aangehoudene op 23.10.71 om ongeveer 4 nm. aan hom deur Kapt. ZAAYMAN oorhandig was te John Vorsterplein, Johannesburg. Later die betrokke dag die aangehoudene van hom oorgeneem was deur Kapt. VAN HEERDEN, SERS. CILLIERS en KONST. VAN DER WESTHUIZEN. Op 24.10.71 om 2 nm. hy weer by die aangehoudene aangesluit het en tesame met A/O. CORNELISSEN die ondervraging voortgesit het. S/KONST. V.D. WESTHUIZEN om 6 nm. by hulle aangesluit het. Hy om 10 nm. van diens gegaan het. Hy geen kennis dra van n aanranding op die aangehoudene nie. Hy hom nie aangerand het nie en aangehoudene nie in sy teenwoordigheid aangerand was nie. Hy niks verkeerd aan aangehoudene opgemerk het nie. Hy aangehoudene weer op 25.10.71 vanaf 8.30 vm. tot om 11 vm. ondervra het. Volgens die ondersoekdagboek, (1) A/O. CLOETE, (2) SERS. PELSER, (3) SERS. CARTER en (4) SERS. FERREIRA besig was met die ondervraging van aangehoudene op 24.10.71 voordat hy om 2 nm. die betrokke dag by A/O. CORNELISSEN aangesluit het. Aangehoudene erg gespanne was op 23.10.71. Hy die eerstekeer verneem het van die aanranding toe aangehoudene op 23.11.71 teenoor die Landdros gekla het.

A.13 KAPTEIN CAREL JACOBUS VAN HEERDEN, Veiligheidspolisie, John Vorsterplein, sal verklaar:-

Om ongeveer 6 nm. op 23.10.71 hy aangesluit het by S/SERS. CILLIERS op 10de Vloer, John Vorsterplein. Hy aangehoudene oorgeneem het van S/A/O. SCHOEMAN vir ondervraging. Aangehoudene normaal was en het geen klagtes gehad het nie. Hy om 7 nm. onttrek het om ander dienste te verrig. Hy op 24.10.71 om 10 nm. tot 7 vm. op 25.10.71 weer by die aangehoudene was. Aangehoudene by die tafel met gevoude arms gesit het terwyl hulle by die ander twee tafels was. Aangehoudene heeltemal normaal voorgekom het. Hy geen kennis dra van n aanranding op aangehoudene nie. Laasgenoemde het ook nie gekla dat hy aangerand was nie. Hy daarna aangehoudene nie weer ondervra het nie.

A.14. .... /5.

A.14. S/SERS. JACOBUS JOHANNES CILLIERS, Veiligheidspolisie, John Vorsterplein, sal verklaar:-

Dat hy en Kapt. VAN HEERDEN die aangehoudene om 6 nm. op 23.10.71 van S/A/O. SCHOEMAN oorgeneem het en aangehoudene ondervra het tot om 8 vm. op 24.10.71. SERS. CARTER en ander lede daarna agtergelaat was met aangehoudene. Hy nie die aangehoudene aangerand het nie en laasgenoemde nie in sy teenwoordigheid aangerand was nie. Hy geen kennis van 'n aanranding dra nie. Hy aangehoudene weer om 8 vm. op 25.10.71 gesien het en niks verkeerd aan hom opgemerk het nie.

A.30. S/KONST. ANDRÉ VAN DER WESTHUIZEN, Speurdiens, Hillbrow, sal verklaar:-

Dat hy, KAPT. VAN HEERDEN en SERS. CILLIERS vir die aangehoudene vanaf 6 nm. op 23.10.71 tot om 7 vm. op 24.10.71 ondervra het. Hulle hom nie aangerand of onbehoorlik behandel het nie. Aangehoudene om 7 vm. op 24.10.71 deur A/O. CLOETE, SERS. PELSER en SERS. CARTER en SERS. FERREIRA van hulle oorgeneem het vir verdere ondervraging. Hy aangehoudene om 6 nm. op 24.10.71 weer oorgeneem het van S/A/O. SCHOEMAN. Laasgenoemde nog aangebly het tot om 10 nm. Hy in bevel was van aangehoudene tot om 7 vm. op 25.10.71. A/O. ELS ook teenwoordig was gedurende nag van 23 - 24.10.71. Toe hy aangehoudene oorgeneem het om 6 nm. op 24.10.71 hy geen rapport aan hom gemaak het nie. Hy geen kennis dra van 'n aanranding op aangehoudene nie. Hy niks verkeerd aan aangehoudene se arms of hande opgemerk het nie. Aangehoudene altyd met gevoude arms gestaan of gesit het. Hy op 25.10.71 die aangehoudene in die gang op 10de vloer gesien het. Hy het toe opgemerk dat een van sy hande vanaf die gewrig hang. Hy nie met aangehoudene daaroor gepraat het nie. A/O. ROELVERT en S/SERS. PITOUT later voltyds met aangehoudene gehandel het.

A.31. ADJUDANT OFFISIER WILLEM ANDRIES KAREL CORNELISSEN, Veiligheidspolisie, John Vorsterplein, sal verklaar:-

Dat hy die aangehoudene om 2 nm. op 24.10.71 van A/O. CLOETE, SERSANTE PELSER en FERREIRA te John Vorsterplein oorgeneem het. Hy nie SERS. CARTER op daardie stadium gesien het nie. Volgens die ondersoekdagboek SERS. CARTER alreeds om 9 vm. van diens gerapporteer het. S/A/O. SCHOEMAN by hom om 2 nm. aangesluit het. Hulle die aangehoudene ondervra het totdat hy om 6 nm. van diens gegaan het. S/A/O. SCHOEMAN aangebly het. Hy en A/O. SCHOEMAN die aangehoudene nie aangerand het nie. Hy niks verkeerd opgemerk het aan aangehoudene nie daar hy gewoonlik met gevoude arms gesit of gestaan het. Aangehoudene geen klagte van aanranding aan hom rapporteer het toe hy hom oorgeneem het om 2 nm. op 24.10.71 vanaf A/O. CLOETE en die twee Sersante nie.

A.16 A/O. NEVILLE ELS, Veiligheidspolisie, John Vorsterplein, sal verklaar:-

Dat hy en Kaptein van HEERDEN die aangehoudene vanaf 10.20 nm. op 23.10.1971 tot om 7 vm. op 24.10.71 ondervra het. Aangehoudene altyd met sy hande in n gevoude posisie gestaan of gesit het. Hy geen kennis dra van n aanranding op aangehoudene nie. Laasgenoemde ook nie n aanranding aan hom rapporteer het nie.

A.18 KAPTEIN GEORGE DANIEL FERREIRA, Veiligheidspolisie, John Vorsterplein, sal verklaar:-

Dat hy en S/A/O. SCHOEMAN die aangehoudene vanaf ongeveer 10 nm. op 24.10.71 tot om 6 vm. op 26.10.71 te John Vorsterplein ondervra het. Hy niks aan aangehoudene opgemerk het nie. Aangehoudene gewoonlik met gevoude arms gestaan of gesit het. Aangehoudene nie aan hom rapporteer het dat hy aangerand was nie. Hy geen kennis dra van n beweerde aanranding nie. Hy aangehoudene weer om 2 nm. op 26.10.71 na die Polisieeselle geneem het en hy selfs toe geen rapport aan hom gemaak het nie.

A.27. LUIT. WILLEM JOHANNES VAN DER MERWE, Veiligheidspolisie, Vereniging sal verklaar:-

Dat hy ook behulpsaam was met die ondervraging van aangehoudene vanaf 6 vm. op 26.10.71 tot om 1.40 nm. dieselfde dag, en daarna met tussenposes tot op 3.11.71. Hy geen kennis dra van enige aanranding op aangehoudene nie. Aangehoudene op een stadium versoek was om te skryf en hy dit nie kon doen nie, aangesien sy regterhand seer was. Hy terloops na aangehoudene se arm en hand gekyk het maar geen swelsels, skaafplekke of kneusplekke opgemerk het nie. Aangehoudene nie gesê het dat sy beseerde hand die gevolg van n aanranding was nie. Aangehoudene teenoor hom gekla het dat hy nie vleis eet nie wat daarna reggestel was.

A.24 A/O. ALBERTUS JACOBUS VAN EDEN, Veiligheidspolisie, Vereniging, sal verklaar:-

Dat hy en LUIT. V.D. MERWE om 6 vm. op 26.10.71 die aangehoudene tot om 1.40 nm. ondervra het. Aangehoudene geen klagte van aanranding aan hulle gemaak het nie. Hy wel gesê het dat hy nie kan skryf nie omrede sy regterhand seer was. Indien aangehoudene skaaf of kneusplekke aan sy arms gehad het, hy dit sou gesien het, aangesien aangehoudene se arms kaal was. Aangehoudene ook nie van pyn in sy bors of op sy rug gekla het nie. Hy geen kennis dra van n aanranding nie.

A.25 LUIT. IZAK REDELINGHUIS DU PREEZ, Spoorwegpolisie, (Veiligheidstak), Johannesburg, sal verklaar:-

Dat hy op 28.10.71 om 10.25 vm. by A/O. ROELVERT aangesluit het by John Vorsterplein om aangehoudene te

ondervra ...../ 7.

ondervra tot om 4 nm. dieselfde dag. Hy weer vanaf 7 vm. op 29.10.71 tot om 1 nm. die ondervraging voortgesit het. Die aangehoudene geen klagte van aanranding aan hom rapporteer het nie. Hy geen kennis dra van enige aanranding nie. Hy opgemerk het dat aangehoudene n koppie tee met sy twee hande vashou. A/O. ROELVERT hom in aangehoudene se teenwoordigheid gesê het dat aangehoudene aan gewrigsontsteking ly.

A.20 LUIT. DAVID FREDERICK VAN ZYL, Veiligheidspolisie, Durban, sal verklaar:-

Dat hy en LUIT. WOOD op 28.10.71 na Johannesburg vertrek het om aangehoudene TIMOL te spreek. Hulle in Johannesburg verneem het dat TIMOL selfmoord gepleeg het. Hulle as gevolg van n versoek die aangehoudene vanaf 1.30 nm. tot om 4 nm. dieselfde dag ondervra het in die Veiligheidskantore te John Vorsterplein. Aangehoudene normaal voorgekom het. Hy niks verkeerd aan sy arms of hande opgemerk het nie. Aangehoudene die neiging gehad het om met gevoude arms te staan of sit. Aangehoudene geen klagtes van aanranding aan hulle maak het nie.

A.19 LUIT. ALEXANDER LODEVICUS WOOD, Veiligheidspolisie, Durban, se verklaring stem in alle opsigte ooreen met die van LUIT. D.F. VAN ZYL - A.20, wie hom na Johannesburg vergesel het.

A.26 S/A/O. ROBERT THOMAS DIXON MEINTJIES, Spoorwegpolisie, (Veiligheidstak), Johannesburg, sal verklaar:-

Dat hy en A/O. VAN WYK die aangehoudene vanaf 1.45 nm. tot om 4.30 nm. op 1.11.71 ondervra het. Hulle hom daarna daaglik, behalwe Saterdag en Sondag vanaf 8 vm. tot 4.30 nm. ondervra het. Hy opgemerk het dat aangehoudene se regterhand vanaf die gewrig hang. Aangehoudene is daarna gevra deur hom waarop aangehoudene hom meegedeel het dat sy gewrig seer is, maar nie gekla het dat hy aangerand was nie. Hy geen kennis van n aanranding op aangehoudene dra nie. Hy aangehoudene se klere uitgetrek het toe hy gebad het en hom gereeld geskeer het. Hy geen kneusplekke of swelsels aan sy rug of bors opgemerk het nie asook nie op sy arms nie.

A.29 SERS. JOHAN CORNELIUS DU PLESSIS, Veiligheidspolisie, John Vorsterplein, sal verklaar:-

Dat hy op 25.11.1971 om 9.48 vm. S/SERS. PITOUT na die selle vergesel het om aangehoudene te gaan haal. Hy het nie met aangehoudene gepraat nie. Hy geen kennis van n aanranding dra nie. Aangehoudene nie aan hom gesê het dat hy aangerand was nie.

A.28 S/A/O. GERHARDUS PETRUS VAN TONDER, Veiligheidstak, John Vorsterplein, sal verklaar:-

Dat hy aangehoudene se verklaring op 6.12.1971 begin...../8.

begin neem en dit hom n paar weke geneem het om dit te voltooi. Aangehoudene nie in sy teenwoordigheid aangerand was nie en hy ook nie aan hom rapporteer het dat hy aangerand was nie. Hy egter opgemerk het dat aangehoudene nie sy regterhand vrylik kon gebruik nie en behandeling deur n Fisioterapeut ontvang het.

A.3 & S/SERS. HENDRIK CORNELIS PITOUT, Veiligheidstak,  
A.17 John Vorsterplein, sal verklaar:-

Dat hy met die aangehoudene op verskillende datums vanaf 1.11.71 tot 26.11.71 gehandel het. Hy aangehoudene baie ordentlik behandel het en geleer het hoe om oefeninge te doen. Hy aangehoudene selfs oorreed het om pille wat hy gebruik het, te staak en aan hom gedemonstreer watter oefeninge hy in plek daarvan moet doen. Aangehoudene hom meegedeel het dat hy aan gewrigsontsteking in beide gewrigte ly, maar nooit gesê het dat hy aangerand was nie. Hy beslag gelê het op twee bottels pille wat aangehoudene gebruik het en dit met amptelike S.A. Polisie seël Nr. 241 verseël het.

A.7 TYDELIKE S/A/O. GERHARDUS CHRISTIAAN STEFANUS ROELVERT,  
Veiligheidspolisie, John Vorsterplein, sal verklaar:-

Dat hy vanaf 9.30 vm. op 28.10.71 met aangehoudene onderhandel het op verskillende datums tot op 24.11.71, toe hy dit gestaak het. Hy bygestaan was deur S/SERS. PITOUT. Hulle die aangehoudene baie ordentlik behandel het. Aangehoudene baddens in sy teenwoordigheid geneem het, maar nooit van pyn in sy bors of rug gekla nie. Hy geen kneusplekke of swelsels op aangehoudene se bors of rug opgemerk het nie, ten spyte van die feit dat hy aangehoudene met n handdoek afgedroog het na baddens. Hy selfs die aangehoudene se lyf met seep gewas het en sou sy rug of bors seer gewees het, sou hy gekla het. Hy aangehoudene gehelp het weens die gewrigsontsteking in beide gewrigte. Aangehoudene nie aan hom gemeld het dat hy aangerand was nie.

A.8 LUIT.-KOLONEL PETRUS JOHANNES GREYLING, Afdelingsbevelboerder, Veiligheidstak, Johannesburg, sal verklaar:-

Dat aangehoudene Indiërman K.C. NAIK op 23.10.71 aangehou was kragtens die Wet op Terrorisme. Hy hom gesien, maar nie met hom gepraat het nie. Hy aangehoudene vir die eerste keer om 11.10vm. op 25.10.71 gespreek het en van hom verneem het of hy klagtes het. Aangehoudene slegs gekla het dat hy nie vleis eet nie en om skoon klere gevra. Aangehoudene nie gekla het dat hy aangerand was nie. Hy ook niks onreëlmatig aan aangehoudene opgemerk het nie. Hy aangehoudene dieselfde dag weer om 5.25 nm. in die selle besoek het toe hy weer geen klagte van aanranding gemaak het nie. Hy op 26.10.71 aangehoudene se klere aan hom persoonlik oorhandig het en na sy welstand verneem het. Aangehoudene met sy gevoude arms gestaan, maar geen klagte van aanranding aan hom rapporteer het nie. As gevolg van n rapport van

MAJ. VIVIERS.../9.

VIVIERS op oggend van 27.10.71, hy Dokter KEMP versoek het om regterhand van aangehoudene te ondersoek. As gevolg van die ondersoek, hy om die dienste van n Fisio-terapeut gevra het om die aangehoudene te behandel. MAJ. VIVIERS die aangehoudene vanaf 27.10.71 vir die doel van besoeke oorgeneem het. Hy daarna op 3.11.71 en gedurende die middel van November 1971 weer vir aangehoudene gesien het, toe hy weer geen klagte i.v.m. aanranding op hom, aan hom gemeld het nie. Hy op 29.11.71 n verslag van die Landdros, Johannesburg ontvang het ten opsigte van n beweerde aanranding op aangehoudene, as gevolg waarvan hy John Vorsterplein R.O.M.1408/11/71 vir ondersoek laat aanlê het. Aangehoudene nie aan hom rapporteer het dat hy aangerand was nie. Hy fotostatiese afdrucke van die ondersoekdagboek inhandig.

- A.9. MAJOOR JOHANNES STEFANUS VIVIERS, Veiligheidspolisie, JOHN VORSTERPLEIN, sal verklaar :-

Dat hy op 27.10.71 die aangehoudene Indiërman K.C. NAIK in die selle te John Vorsterplein besoek het. Hy opgemerk het dat aangehoudene se regterhand vanaf die gewrig lam is en dit nie kon gebruik nie. Aangehoudene op n vraag van hom, hom meegedeel het dat hy geen klagtes het nie. Hy aangehoudene nie gevra het waarom sy hand verlam is nie en aangehoudene ook geen redes verstrek het nie. Hy na aangehoudene se hand gekyk het, maar geen beserings of swelsels opgemerk het nie. Hy die aangeleentheid aan LT.-Kol. GREYLING gerapporteer het. Hy aangehoudene dikwels daarna in die selle besoek het, maar hy nie aan hom rapporteer het dat hy aangerand was nie. Hy eers n maand later van aangehoudene verneem het dat hy deur lede van die Veiligheidspolisie aangerand was. Hy die ondersoekdagboek bevattende so n inskrywing betreffende 27.10.71 inhandig. (A.9(a)).

- A.32. A/O. JAN ABRAHAM VAN WYK, Spoorwegpolisie, (Veiligheidstak), Johannesburg, sal verklaar :-

Dat hy vanaf 11.30 vm. op 1.11.71 op verskillende datums tot om 5.11.1971 die S.A. Polisie behulpsaam was met die ondervraging van aangehoudene. Aangehoudene nooit klagtes van aanranding aan hom gemaak het nie. Hy geen kennis van enige aanranding t.o.v. aangehoudene dra nie. Hy geen beserings aan aangehoudene se arms of hande opgemerk het nie. Aangehoudene gewoonlik met sy gevoude arms gestaan of gesit het.

- A.38. KOLONEL LEONARDUS WILLEM JANSSEN VAN RENSBURG, Spourdiens, Nr. 60 (Newlands) Distrik, sal verklaar :-

Dat hy die ondersoekbeampte in hierdie saak is. Nadat hy n volledige verklaring op 3.12.71 van die aangehoudene geneem het, hy van hom verneem het of hy

die inhoud wil beëdig. As gevolg van n versoek van aangehoudene het hy die verskil tussen n gewone verklaring en n beëdigde verklaring aan hom verduidelik, asook die moontlike gevolge van n valse verklaring. Aangehoudene toe verkies het om die verklaring nie te beëdig nie, daar hy beweer het die verklaring waar is en dit nie nodig is dat hy dit beëdig nie. Hy op 5.1.72 aangehoudene versoek het om n uitkenparade op 7.1.72 by te woon. Die aangehoudene geweier het om die uitkenparade by te woon of n parade te laat hou in die lig van sy brief waarin hy versoek het om nie voort te gaan met die klagte van aanranding nie. Sy verklaring te dien effekte geneem was en alles wat daarmee gepaard gegaan het op band vasgelê was. Hy op 6.1.72 vir Sersante PELSER, FERREIRA en CARTER kragtens Regtersreëls gewaarsku en verklarings van hulle verkry het en van A/O. CLOETE op 7.1.72 nadat hy hom gewaarsku het. Die betrokke lede die beweerde aanranding op aangehoudene ontken het.

-----

GETUIENIS VIR DIE VERDEDIGING:

- A. 34. SERSANT MACHIEL CHRISTIAAN PELSER, Veiligheidspolisie, John Vorsterplein, sal verklaar:-

Dat hy gewaarsku was en verkies om n verklaring te maak. Hy op 24.10.71 van ongeveer 7vm. tot 1 nm. saam met ander lede die aangehoudene ondervra het. Hy niks weet van die aantygings van aanranding teen hom nie. Die deur van die kantoor waarin hulle die aangehoudene ondervra het oop was en baie lede die kantoor in en uitgegaan het, selfs van die offisiere. Die aangehoudene geen aanranding aan hom rapporteer het nie. Hy geen beserings aan die aangehoudene opgemerk het nie. Hy geen kennis dra van n aanranding nie.

- A. 35. SERSANT FILIPPUS JOHANNES FERREIRA, Veiligheidspolisie, John Vorsterplein, sal verklaar:-

Dat hy, Adjudant Offisier CLOETE, Sersante PELSER en CARTER die aangehoudene vanaf 7 vm. tot 1 nm. te John Vorsterplein ondervra het. Die kantoordeur oop was en ander lede in en uitgekom het. Hulle hom nie gedurende betrokke periode aangerand het nie. Hy geen beserings aan aangehoudene opgemerk het nie. Hy geen kennis dra van enige aanranding op aangehoudene nie.

- A. 36. SERSANT DERICK LIONEL CARTER, Veiligheidspolisie, Meadowlands, Johannesburg, sal verklaar:-

Dat hy gewaarsku was en verkies om n verklaring te

maak ...../ 11.

maak. Hy die aangehoudene ondervra het vanaf 6 m. tot 9 vm. op 24.10.1971 in die teenwoordigheid van ander lede van die Mag. Ander lede die kantoor binnegekom het, daar die kantoordeur oopgestaan het. Aangehoudene nie aangerand was nie. Hy geen beserings aan hom opgemerk het nie en aangehoudene ook nie gekla het dat hy aangerand was nie.

A. 37. ADJ. OFFISIER HERMAN GEORGE WEHNCKE CLOETE, Veiligheidspolisie, John Vorsterplein, sal verklaar:-

Dat hy gewaarsku was en verkies om n verklaring te maak. Hy op 24.10.1971 om ongeveer 7 vm. die aangehoudene oorgeneem het. Hy, Sersante PELSER en FERREIRA hom ondervra het. Die kantoordeur oop was en Offisiere en ander manskappe dit besoek het terwyl die ondervraging gedoen was. Aangehoudene nie deur hom aangeraak was, of in sy teenwoordigheid nie. Hy geen beserings aan aangehoudene opgemerk het nie en laasgenoemde ook nooit teenoor hom gekla het dat hy aangerand was nie. Hy geen kennis dra van n aanranding op aangehoudene nie.

LASGEWING TOT VRYLATING KRAGTENS ARTIKEL 6(1) VAN  
DIE WET OP TERRORISME, 1967 (WET 83/1967)

Ek,

GIDEON JACOBUS JOUBERT

Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie, gelas hier-  
mee dat

KANTILAL CHHANGANLAL NAIK @ KANTI

wat kragtens Artikel 6(1) van Wet 83 van 1967 aangehou  
word, op 7 Maert 19 72 uit die aanhouding vry-  
gelaat word.

GEGEE ONDER MY HAND TE KAAPSTAD OP  
HEDE DIE DAG VAN 7de MAART 19 72.

G. J. JOUBERT

GENERAAL

KOMMISSARIS VAN DIE  
SUID-AFRIKAANSE POLISIE

G. J. JOUBERT

/GG.

11/5/2/3/ 51

KANTOOR VAN DIE LANDDROS,  
JOHANNESBURG.

8 Maart 1972.....


G E H E I M

DIE SEKRETARIS VAN JUSTISIE,  
PRIVAATSAK 81,  
PRETORIA.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE  
9 -3-1972  
DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

VERSLAG AANGAANDE ~~PERSEKUTIE~~ AANGEHOUDE INGEVOLGE ART.  
6(1) VAN DIE WET OP TERRORISME 1967 (WET NO. 83/67)

1. Ek wens u mee te deel dat landdros A. W. C. Garbers...  
op 7 Maart 1972..... na die John Vorsterplein polisie/...  
~~gehoort~~ gegaan het om aangehoudene... KANTILAL CHHANGANLAL NAIK  
te besoek. 'n Onderhoud is met hom/~~gehoort~~ gevoer.
2. Die aangehoudene het geen klagtes geopper nie.
3. Die onderhoud met die aangehoudene is ~~met behulp van~~  
~~vertaling~~..... sonder 'n tolk gevoer.

  
LANDDROS

DIE KOMMISSARIS,  
S.A. POLISIE,  
PRIVAATSAK 302, PRETORIA.  
DIE AFDELINGSBEVELVOERDER,  
VEILIGHEIDSPOLISIE,  
PRIVAATSAK 29, JOHANNESBURG.

Afskrif vir u inligting.

LANDDROS

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE  
3 -3-1972  
KANTOOR VAN DIE LANDDROS,  
JOHANNESBURG.  
PRETORIA  
DEPARTMENT OF JUSTICE

11/5/2/3/ 51

1 Maart 1972.....

G E H E I

DIE SEKRETARIS VAN JUSTISIE,  
PRIVAATSAK 81,  
PRETORIA.

VERSLAG AANGAANDE PERSOON AANGEHOU INGEVOLGE ART.  
6(1) VAN DIE WET OP TERRORISME, 1967 (WET NO. 83/67)

1. Ek wens u mee te deel dat landdros A. W. C. Garbers...  
op 29 Februarie 1972... na die John Vorsterplein, polisieselle/  
~~gevangenis~~ gegaan het om aangehoudene KANTILAL CHHANGANLAL NAIK  
te besoek. 'n Onderhoud is met hom ~~gevoer~~ gevoer.
2. Die aangehoudene het geen klagtes geopper nie.
3. Die onderhoud met die aangehoudene is ~~met behulp van~~  
~~aangetreke dokke~~ ...../ sonder 'n tolk gevoer.

*[Handwritten Signature]*  
\_\_\_\_\_  
LANDDROS

DIE KOMMISSARIS,  
S.A. POLISIE,  
PRIVAATSAK 302, PRETORIA.

DIE AFDELINGSBEVELVOERDER,  
VEILIGHEIDSPOLISIE,  
PRIVAATSAK 29, JOHANNESBURG.

Afskrif vir u inligting.

\_\_\_\_\_  
LANDDROS



11/5/2/3/51

KANTOOR VAN DIE LANDDROS,  
JOHANNESBURG.

16. Februarie. 1972....

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE  
 G E H E I M  
 18-2-1972  
 DIE SEKRETARIS VAN JUSTISIE,  
 PRIVAATSAK 81, PRETORIA  
 PRETORIA.  
 DEPARTMENT OF JUSTICE

VERSLAG AANGAANDE PERSOON AANGEHOU INGEVOLGE ART. 6(1) VAN DIE WET OP TERRORISME, 1967 (WET NO. 83/67)

